

8 Oktober

Habakuk 3:16-19

(Teks: 3:18)

Nogtans sal ek jubel!

Die profeet sien die toekoms soos God dit vir hom oopvou. Vir hom is dit iets verskriklik. Hy sê: "Toe ek hierdie dinge hoor, het ek gesidder, my lippe het gebewe, my hele liggaam het lam geword, my bene het aan die ruk gegaan."

Israel gaan deur die Galdeërs aangeval word. Israel gaan in ballingskap weggevoer word. Die land Israel gaan 'n puinhoop word. Daar sal geen oeste meer wees nie. Geen krale met vee en kleinvee nie. Die vyebome gaan nie meer bot en daar sal geen druiwe aan die wingerde wees nie.

Soms lyk die toekoms vir ons ook troosteloos. Daar is geen hoop op genesing nie, geen vooruitsig dat dinge finansieel sal verbeter nie, geen teken dat probleme opgelos kan word nie. Dan word ons moedeloos, troosteloos, pessimisties en negatief.

Maar wat doen die profeet wanneer die toekoms vir hom donker word? Verval hy in hopelose mistroostigheid? Nee, hy sê: "Nogtans sal ek in die Here jubel, ek sal juig in God my Redder."

Onthou, al lyk dinge vir jou troosteloos, al sien jy geen uitkoms nie: die Here is nog steeds daar. Hy is nog steeds in beheer van alles wat gebeur.

Gelowiges mag nooit net teen uiterlike omstandighede vaskyk nie. Nee, deur die geloof weet ons dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk.

Wanneer jy dit besef, deur God se genade, kan jy ook jubel en sê:

"Nogtans, vertrou ek op die Here!"

Sing Psalm 138:1

Ds. P.J. van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)